MENIKO

THE PROVINCE OF THE TRANSVAAL

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

Provincial Gazette
Provinsiale Koerant

Selling price • Verkoopprys: **R1,50**
Other countries • Buitelands: **R1,95**

Vol. 238 PRETORIA, 25 JANUARY JANUARIE 1995 **No. 5080**

Which includes / Waarby ingesluit is—

A

PROCLAMATIONS	*PROKLAMASIES*
PREMIER'S NOTICES	*PREMIERSKENNISGEWINGS*
GENERAL NOTICES	*ALGEMENE KENNISGEWINGS*

B

NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES	*PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWINGS*
TENDERS	*TENDERS*

GENERAL NOTICES · ALGEMENE KENNISGEWINGS

NOTICE 1 OF 1995

COLIGNY AMENDMENT SCHEME 3

It is hereby notified in terms of section 39 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that Coligny Amendment Scheme 3 has been approved whereby Portion 77 of the farm Leeuwfontein 67 IP, was rezoned to "Special" for an abattoir, subject to conditions.

Map 3 and the scheme clauses are filed with the Deputy Director-General: Community Development Branch, 13th Floor, Merino Building, Pretorius Street, Pretoria, and the Town Clerk of Coligny and are available for inspection at all reasonable times.

(GO 15-16-3-51H-3)

KENNISGEWING 1 VAN 1995

COLIGNY-WYSIGINGSKEMA 3

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 19 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bekendgemaak dat Coligny-wysigingskema 3 goedgekeur is ingevolge waarvan Gedeelte 77 van Leeuwfontein 67 IP, hersoneer is tot "Spesiaal" vir 'n abattoir, onderworpe aan voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Adjunk-direkteur-generaal: Tak Gemeenskapsontwikkeling, 13de Verdieping, Merinogebou, Pretoriusstraat, Pretoria, en die Stadsklerk van Coligny en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

(GO 15-16-3-51H-3)

NOTICE 2 OF 1995

DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 79 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), **Brits Extension 54 Township** is declared an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

(GO 15/3/2/10/12)

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY DANIËL JOUBERT UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 574 OF THE FARM ROODEKOPJES OR ZWARTKOPJES 427 JQ, NORTH-WEST PROVINCE, HAS BEEN GRANTED

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

(1) NAME

The name of the township shall be Brits Extension 54.

(2) DESIGN

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan SG No. A4790/1994.

(3) DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding—

(a) the following right which affects Erven 3115, 3116 and a street in the township only:

"Onderworpe aan 'n reg van weg 15,11 meter wyd, soos aangetoon op die kaarte aangeheg by Transportaktes Nos. 4974/1951 en 4975/1951, ten gunste van al die ander gedeeltes van die voormalige resterende gedeelte van die gesegde plaas, groot as sodanig 2876, 1316 hektaar; soos gehou kragtens Sertifikate van Verdelingstitel Nos.

KENNISGEWING 2 VAN 1995

VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 79 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), word die dorp **Brits-uitbreiding 54** tot 'n goedgekeurde dorp verklaar onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

(GO 15/3/2/10/12)

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR DANIËL JOUBERT INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 574 VAN DIE PLAAS ROODEKOPJES OF ZWARTKOPJES 427 JQ, NOORDWES-PROVINSIE, TOEGESTAAN IS

1. STIGTINGSVOORWAARDES

(1) NAAM

Die naam van die dorp is Brits-uitbreiding 54.

(2) ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan LG No. A4790/1994.

(3) BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd—

(a) die volgende reg wat slegs Erwe 3115, 3116 en 'n straat in die dorp raak:

"Onderworpe aan 'n reg van weg 15,11 meter wyd, soos aangetoon op die kaarte aangeheg by Transportaktes Nos. 4974/1951 en 4975/1951, ten gunste van al die ander gedeeltes van die voormalige resterende gedeelte van die gesegde plaas, groot as sodanig 2876, 1316 hektaar; soos gehou kragtens Sertifikate van Verdelingstitel Nos.

7303/1923 tot en met 7378/1923, en is verder geregtig tot die regte van weg oor al die ander gedeeltes van die voormelde resterende gedeelte soos aangetoon op die kaarte van die respektiewe gedeeltes.";

(b) the following right which affects a street in the township only:

"Onderhewig aan Serwituut van Reg van Weg 2922 vierkante meter groot aangetoon deur die figuur ABCDE A op Kaart LG A2216/76, soos meer volledig sal blyk uit Notariële Akte No. K2199/1985 en Kaart daarby aangeheg.";

(c) the following right which shall not be passed on to the erven in the township:

"Die Resterende Gedeelte van Gedeelte "a" van Gedeelte 91 van die plaas ROODEKOPJES EN ZWARTKOPJES voormeld (waarvan die figuur ABHJG van Gedeelte 574 soos aangedui op Kaart No. A2071/50 'n deel uitmaak) is geregtig tot 'n reg van weg 6,30 meter wyd oor Gedeelte 1 van gedeelte "a" van voormelde Gedeelte 91, getransporteer kragtens Transportakte No. 2411/1934, vanaf 'n punt 47,23 meter van baken A aangetoon op die Kaart van gemelde gedeelte 1, langs sy Westelike grens tot die hek in die Hartebeestpoortkanaalheining by baken "J" op dieselfde kaart aangetoon.".

2. **CONDITIONS OF TITLE**

The erven shall be subject to the following conditions imposed in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986:

(1) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

(2) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.

(3) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

NOTICE 3 OF 1995

BRITS AMENDMENT SCHEME 1/187

The competent authority hereby in terms of the provisions of section 125 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, declares that he approved an amendment scheme, being an amendment of Brits Town-planning Scheme, 1958, comprising the same land as included in the Township of Brits Extension 54.

7303/1923 tot en met 7378/1923, en is verder geregtig tot die regte van weg oor al die ander gedeeltes van die voormelde resterende gedeelte soos aangetoon op die kaarte van die respektiewe gedeeltes.";

(b) die volgende reg wat slegs 'n straat in die dorp raak:

"Onderhewig aan Serwituut van Reg van Weg 2922 vierkante meter groot aangetoon deur die figuur ABCDE A op Kaart LG A2216/76, soos meer volledig sal blyk uit Notariële Akte No. K2199/1985 en Kaart daarby aangeheg.";

(c) die volgende reg wat nie aan die erwe in die dorp oorgedra moet word nie:

"Die Resterende Gedeelte van Gedeelte "a" van Gedeelte 91 van die plaas ROODEKOPJES EN ZWARTKOPJES voormeld (waarvan die figuur ABHJG van Gedeelte 574 soos aangedui op Kaart No. A2071/50 'n deel uitmaak) is geregtig tot 'n reg van weg 6,30 meter wyd oor Gedeelte 1 van gedeelte "a" van voormelde Gedeelte 91, getransporteer kragtens Transportakte No. 2411/1934, vanaf 'n punt 47,23 meter van baken A aangetoon op die Kaart van gemelde gedeelte 1, langs sy Westelike grens tot die hek in die Hartebeestpoortkanaalheining by baken "J" op dieselfde kaart aangetoon.".

2. **TITELVOORWAARDES**

Die erwe is onderworpe aan die volgende voorwaardes opgelê ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986:

(1) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 2 m breed, vir riolerings-en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 2 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

(2) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.

(3) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

KENNISGEWING 3 VAN 1995

BRITS-WYSIGINGSKEMA 1/187

Die bevoegde gesag verklaar hierby ingevolge die bepalings van artikel 125 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, dat hy 'n wysigingskema synde 'n wysiging van Brits-dorpsaanlegskema, 1958, wat uit dieselfde grond as die dorp Brits-uitbreiding 54 bestaan, goedgekeur het.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Regional Director: Community Development Branch, North-West Province, Potchefstroom, and the Town Clerk of Brits and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Brits Amendment Scheme 1/187.

(GO 15/16/3/10/187)

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Streekdirekteur: Tak Gemeenskapsontwikkeling, Noordwes-provinsie, Potchefstroom, en die Stadsklerk van Brits en is beskikbaar vir inspeksie te alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Brits-wysigingskema 1/187.

(GO 15/16/3/10/187)

LOCAL AUTHORITY NOTICES
PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWINGS

LOCAL AUTHORITY NOTICE 9

LOCAL AUTHORITY OF BLOEMHOF

NOTICE OF GENERAL RATE AND OF FIXED DAY FOR PAYMENT IN RESPECT OF FINANCIAL YEAR 1 JULY 1994 TO 30 JUNE 1995

Notice is hereby given that in terms of section 26 (2) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance No. 11 of 1977), the following rate has been levied in respect of the above-mentioned financial year on rateable property in the valuation roll:

On the site value of any land or right in land ten comma eight cents (10,8c) in the rand per year.

The amount due for rates, as contemplated in section 27 of the said Ordinance, shall be payable on 7 August 1994 but may be paid in 12 equal monthly instalments the first of which is payable on 7 August 1994.

Interest at the rate of 15% per annum is chargeable on all rates which are in arrear at the start of the processing of the levy for the next month, and defaulters are liable to legal proceedings for recovery of such arrear amounts.

D. J. BRITS,
Town Clerk.

Municipal Offices
P.O. Box 116
BLOEMHOF
2660

9 January 1995.

(Notice No. 1/1995)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 9

PLAASLIKE BESTUUR VAN BLOEMHOF

KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIENDOMSBELASTING EN VAN VASGESTELDE DAG VIR BETALING TEN OPSIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1994 TOT 30 JUNIE 1995

Kennis word hierby gegee dat ingevolge artikel 26 (2) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie No. 11 van 1977), die volgende algemene eiendomsbelasting ten opsigte van die bogenoemde boekjaar gehef is op belasbare eiendom in die waarderingslys opgeteken.

Op die die terreinwaarde van enige grond of reg in grond tien komma agt sent (10,8c) in die rand per jaar.

Die bedrag verskuldig vir eiendomsbelasting, soos in artikel 27 van die genoemde Ordonnansie beoog, is op 7 Augustus 1994 betaalbaar, maar mag in 12 gelyke maandelikse paaiemente betaal word, die eerste waarvan op 7 Augustus 1994 betaalbaar is.

Rente teen 'n koers vanf 15% per jaar sal op alle eiendomsbelasting gehef word wat agterstallig is ten tye van die prosessering van die volgende maand se heffing, en wanbetalers is onderhewig aan regsproses vir die invordering van sodanige agterstallige bedrae.

D. J. BRITS,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore
Posbus 116
BLOEMHOF
2660

9 Januarie 1995.

(Kennisgewing No. 1/1995)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 10

CITY COUNCIL OF POTCHEFSTROOM

NOTICE OF DRAFT SCHEME 436

The City Council of Potchefstroom hereby gives notice in terms of section 28 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that a draft town-planning scheme to be known as Amendment Scheme 436, has been prepared by it.

This scheme is an amendment scheme and contains the following proposals:

The rezoning of a portion of Portion 9 of Erf 2972, corner of Ventersdorp Road and Meyer Street (76 Meyer Street), Potchefstroom Extension 16, from "Educational" to "Special" for a filling-station.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 10

STADSRAAD VAN POTCHEFSTROOM

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA 436

Die Stadsraad van Potchefstroom gee hiermee ingevolge artikel 28 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerpdorpsbeplanningskema bekend te staan as Wysigingskema 436, deur die Stadsraad opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat die volgende voorstelle:

Die hersonering van 'n gedeelte van Gedeelte 9 van Erf 2972, hoek van Ventersdorppad en Meyerstraat (Meyerstraat 76), Potchefstroom-uitbreiding 16, vanaf "Opvoedkundig" na "Spesiaal" vir 'n vulstasie.

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the Department of the City Secretary, Room 315, Municipal Offices, Wolmarans Street, Potchefstroom, for a period of 28 days from 25 January 1995.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Chief Executive/ Town Clerk, Municipal Offices, Wolmarans Street, or P.O. Box 113, Potchefstroom, within a period of 28 days from 25 January 1995, that is on or before 22 February 1995.

(Notice No. 95/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 11

CITY COUNCIL OF POTCHEFSTROOM

NOTICE OF DRAFT SCHEME 438

The City Council of Potchefstroom hereby gives notice in terms of section 28 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that a draft town-planning scheme to be known as Amendment Scheme 438, has been prepared by it.

This scheme is an amendment scheme and contains the following proposals:

The rezoning of Portions 13, 14 and 15 of Erf 2972, 2 Vyncke Avenue and 32 to 34 Storm Street, Potchefstroom Extension 16, from "Residential 2" to "Residential 3".

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the Department of the City Secretary, Room 315, Municipal Offices, Wolmarans Street, Potchefstroom, for a period of 28 days from 25 January 1995.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Chief Executive/ Town Clerk, Municipal Offices, Wolmarans Street, or P.O. Box 113, Potchefstroom, within a period of 28 days from 25 January 1995, that is on or before 22 February 1995.

(Notice No. 96/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 12

CITY COUNCIL OF POTCHEFSTROOM

NOTICE OF DRAFT SCHEME 439

The City Council of Potchefstroom hereby gives notice in terms of section 28 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that a draft town-planning scheme to be known as Amendment Scheme 439, has been prepared by it.

This scheme is an amendment scheme and contains the following proposals:

The rezoning of Portion 550 (a portion of Portion 118) of the farm Town and Townlands of Potchefstroom, 435 IQ, from "Municipal" to "Educational".

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the Department of the City Secretary, Room 315, Municipal Offices, Wolmarans Street, Potchefstroom, for a period of 28 days from 25 January 1995.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Chief Executive/ Town Clerk, Municipal Offices, Wolmarans Street, or P.O. Box 113, Potchefstroom, within a period of 28 days from 25 January 1995, that is on or before 22 February 1995.

(Notice No. 97/1994)

Die ontwerpskema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die Departement van die Stadsekretaris, Kamer 315, Munisipale Kantore, Wolmaransstraat, Potchefstroom, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 25 Januarie 1995.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 25 Januarie 1995 dit wil sê voor of op 22 Februarie 1995 skriftelik by of tot die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk, by bogenoemde adres of by Posbus 113, Potchefstroom, ingedien of gerig word.

(Kennisgewing No. 95/1994) 25–1

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 11

STADSRAAD VAN POTCHEFSTROOM

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA 438

Die Stadsraad van Potchefstroom gee hiermee ingevolge artikel 28 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerpdorpsbeplanningskema bekend te staan as Wysigingskema 438, deur die Stadsraad opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat die volgende voorstelle:

Die hersonering van Gedeeltes 13, 14 en 15 van Erf 2972, Vynckelaan 2 en Stormstraat 32 tot 34, Potchefstroom-uitbreiding 16, vanaf "Residensieel 2" na "Residensieel 3".

Die ontwerpskema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die Departement van die Stadsekretaris, Kamer 315, Munisipale Kantore, Wolmaransstraat, Potchefstroom, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 25 Januarie 1995.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 25 Januarie 1995 dit wil sê voor of op 22 Februarie 1995 skriftelik by of tot die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk, by bogenoemde adres of by Posbus 113, Potchefstroom, ingedien of gerig word.

(Kennisgewing No. 96/1994) 25–1

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 12

STADSRAAD VAN POTCHEFSTROOM

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA 439

Die Stadsraad van Potchefstroom gee hiermee ingevolge artikel 28 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerpdorpsbeplanningskema bekend te staan as Wysigingskema 439, deur die Stadsraad opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat die volgende voorstelle:

Die hersonering van Gedeelte 550 ('n gedeelte van Gedeelte 118), van die plaas Town and Townlands of Potchefstroom 435 IQ, vanaf "Munisipaal" na "Opvoedkundig".

Die ontwerpskema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die Departement van die Stadsekretaris, Kamer 315, Munisipale Kantore, Wolmaransstraat, Potchefstroom, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 25 Januarie 1995.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 25 Januarie 1995 dit wil sê voor of op 22 Februarie 1995 skriftelik by of tot die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk, by bogenoemde adres of by Posbus 113, Potchefstroom, ingedien of gerig word.

(Kennisgewing No. 97/1994) 25–1

LOCAL AUTHORITY NOTICE 13

CITY COUNCIL OF POTCHEFSTROOM

NOTICE OF DRAFT SCHEME 440

The City Council of Potchefstroom hereby gives notice in terms of section 28 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that a draft town-planning scheme to be known as Amendment Scheme 440, has been prepared by it.

This scheme is an amendment scheme and contains the following proposals:

1. The rezoning of—
   1.1 the Remaining Extent of Portion 1 of Erf 22, 103 Potgieter Street, Potchefstroom;
   1.2 the Remaining Extent of Portion 3 of Erf 22, 101 Potgieter Street, Potchefstroom;
   1.3 the Remaining Extent of Portion 8 of Erf 22, 113 Van Riebeeck Street, Potchefstroom;
   1.4 the Remaining Extent of Portion 12 of Erf 22, 105 Potgieter Street, Potchefstroom;

   from "Residential 3" with Annexure 133, to "Special" for the purpose of a shop, filling-station, refreshment room, drive-in restaurant, motor sales mart, office use and storage and ablution facilities.
2. The deletion of Annexure 133.

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the Department of the City Secretary, Room 315, Municipal Offices, Wolmarans Street, Potchefstroom, for a period of 28 days from 25 January 1995.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Chief Executive/ Town Clerk, Municipal Offices, Wolmarans Street, or P.O. Box 113, Potchefstroom, within a period of 28 days from 25 January 1995, that is on or before 22 February 1995.

(Notice No. 98/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 13

STADSRAAD VAN POTCHEFSTROOM

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA 440

Die Stadsraad van Potchefstroom gee hiermee ingevolge artikel 28 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerpdorpsbeplanningskema bekend te staan as wysigingskema 440, deur die Stadsraad opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat die volgende voorstelle:

1. Die hersonering van —
   1.1 die Resterende Gedeelte van gedeelte 1 van Erf 22, Potgieterstraat 103, Potchefstroom;
   1.2 die Resterende Gedeelte van gedeelte 3 van Erf 22, Potgieterstraat 101, Potchefstroom;
   1.3 die Resterende Gedeelte van gedeelte 8 van Erf 22, Van Riebeeckstraat 113, Potchefstroom;
   1.4 die Resterende Gedeelte van gedeelte 12 van Erf 22, Potgieterstraat 105, Potchefstroom;

   vanaf "Residensieel 3" met Bylae 133 na "Spesiaal" vir doeleindes van 'n winkel, vulstasie, verversingsplek, inryrestaurant, motorverkoopmark, kantoorgebruik, asook stoor- en ablusiegeriewe.
2. Die skrapping van Bylae 133.

Die ontwerpskema lê ter insae gedurene gewone kantoorure by die Departement van die Stadsekretaris, Kamer 315, Munisipale Kantore, Wolmaransstraat, Potchefstroom, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 25 Januarie 1995.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die Skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 25 Januarie 1995, dit wil sê voor of op 22 Februarie 1995, skriftelik by of tot die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk by bogenoemde adres of by Posbus 113, Potchefstroom, ingedien of gerig word.

(Kennisgewing No. 98/1994)

25–1

LOCAL AUTHORITY NOTICE 14

CITY COUNCIL OF POTCHEFSTROOM

NOTICE OF DRAFT SCHEME 441

The City Council of Potchefstroom hereby gives notice in terms of section 28 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that a draft town-planning scheme to be known as Amendment Scheme 441, has been prepared by it.

This scheme is an amendment scheme and contains the following proposals:

The rezoning of Erf 2827, 2 to 6 Gamma Avenue and 23 Silwer Street, Potchefstroom Extension 16, from "Residential 1" to "Residential 2".

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the Department of the City Secretary, Room 315, Municipal Offices, Wolmarans Street, Potchefstroom, for a period of 28 days from 25 January 1995.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Chief Executive/ Town Clerk, Municipal Offices, Wolmarans Street, or P.O. Box 113, Potchefstroom, within a period of 28 days from 25 January 1995, that is on or before 22 February 1995.

(Notice No. 1/1995)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 14

STADSRAAD VAN POTCHEFSTROOM

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA 441

Die Stadsraad van Potchefstroom gee hiermee ingevolge artikel 28 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerpdorpsbeplanningskema bekend te staan as wysigingskema 441, deur die Stadsraad opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat die volgende voorstelle:

Die hersonering van Erf 2827, Gammalaan 2 tot 6 en Silwerstraat 23, Potchefstroom-uitbreiding 16, vanaf "Residensieel 1" na "Residensieel 2".

Die ontwerpskema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die Departement van die Stadsekretaris, Kamer 315, Munisipale Kantore, Wolmaransstraat, Potchefstroom, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 25 Januarie 1995.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die Skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 25 Januarie 1995, dit wil sê voor of op 22 Februarie 1995, skriftelik by of tot die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk by bogenoemde adres of by Posbus 113, Potchefstroom, ingedien of gerig word.

(Kennisgewing No. 1/1995)

25–1

PROVINCIAL GAZETTE OF THE TRANSVAAL
PROVINSIALE KOERANT VAN TRANSVAAL

(Published every Wednesday) · (Verskyn elke Woensdag)

All correspondence, notices, etc., must be addressed to the **Director-General: Transvaal Provincial Administration, Private Bag X64, Pretoria,** and if delivered by hand, must be handed in on the Sixth Floor, Room 628, Old Poynton Building, Church Street, Pretoria. Free copies of the *Provincial Gazette* or cuttings of notices are not supplied.

Alle korrespondensie, kennisgewings, ens., moet aan die **Direkteur-generaal: Transvaalse Provinsiale Administrasie, Privaat Sak X64, Pretoria,** geadresseer word en indien per hand afgelewer, moet dit op die Sesde Verdieping, Kamer 628, Ou Poyntongebou, Kerkstraat, Pretoria, ingedien word. Gratis eksemplare van die *Provinsiale Koerant* of uitknipsels van kennisgewings word nie verskaf nie.

SUBSCRIPTION RATES (PAYABLE IN ADVANCE) AS FROM 1 APRIL 1994

Transvaal *Provincial Gazette* (including all Extraordanary Gazettes) are as follows:

- Yearly (post free) = **R86,25.**
- Zimbabwe and other countries (post free) = **R1,95 each.**
- Price per single copy (post free) = **R1,50 each.**

Obtainable at the Sixth Floor, Room 628, Old Poynton Building, Church Street, Pretoria, 0002.

INTEKENGELD (VOORUITBETAALBAAR) MET INGANG 1 APRIL 1994

Transvaalse *Provinsiale Koerant* (met inbegrip van alle Buitengewone Koerante) is soos volg:

- Jaarliks (posvry) = **R86,25.**
- Zimbabwe en buitelands (posvry) = **R1,95 elk.**
- Prys per eksemplaar (posvry) = **R1,50 elk.**

Verkrygbaar by die Sesde Verdieping, Kamer 628, Ou Poyntongebou, Kerkstraat, Pretoria, 0002.

NOTICE RATES AS FROM 1 APRIL 1994

Notices required by Law to be inserted in the *Provincial Gazette:*

Double column:

R10,80 per centimetre or portion thereof. Repeats = R8,30.

Subscriptions are payable in advance to the Director-General, Private Bag X225, Pretoria, 0001.

C. V. VAN SCHALKWYK,

for Director-General. (K5-7-2-1)

KENNISGEWINGTARIEWE MET INGANG VAN 1 APRIL 1994

Kennisgewings wat volgens Wet in die *Provinsiale Koerant* geplaas moet word:

Dubbelkolom:

R10,80 per sentimeter of deel daarvan. Herhaling = R8,30.

Intekengelde is vooruitbetaalbaar aan die Direkteur-generaal, Privaatsak X225, Pretoria, 0001.

C. V. VAN SCHALKWYK,

namens Direkteur-generaal. (K5-7-2-1)

CONDITIONS FOR PUBLICATION
VOORWAARDES VIR PUBLIKASIE

CLOSING TIMES FOR THE ACCEPTANCE OF NOTICES

1. The *Provincial Gazette* is published every week on Wednesdays and the closing time for the acceptance of notices which have to appear in the *Provincial Gazette* on any particular Wednesday, is **10:00 on the Tuesday two weeks before the Gazette is released.** Should any Wednesday coincide with a public holiday, the date of publication of the *Provincial Gazette* and the closing time of the acceptance of notices will be published in the *Provincial Gazette*, from time to time.

2. (1) Copy of notices received after closing time will be held over for publication in the next *Provincial Gazette*.

(2) Amendment or changes in copy of notices cannot be undertaken unless instructions are received **before 15:30 on Wednesdays one week before the Gazette is released.**

THE GOVERNMENT PRINTER INDEMNIFIED AGAINST LIABILITY

3. The Government Printer will assume no liability in respect of–

(1) any delay in the publication of a notice or publication of such notice on any date other than that stipulated by the advertiser;

(2) any editing, revision, omission, typographical errors resulting from faint or indistinct copy.

LIABILITY OF ADVERTISER

4. Advertisers will be held liable for any compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Government Printer in consequence of the publication of any notice.

SLUITINGSTYE VIR DIE AANNAME VAN KENNISGEWINGS

1. Die *Provinsiale Koerant* word weekliks op Woensdae gepubliseer en die sluitingstyd vir die aanname van kennisgewings wat op 'n bepaalde Woensdag in die *Provinsiale Koerant* moet verskyn, is **10:00 op die Dinsdag twee weke voordat die Koerant vrygestel word.** Indien enige Woensdag saamval met 'n openbare vakansiedag, verskyn die *Provinsiale Koerant* op 'n datum en is die sluitingstye vir die aanname van kennisgewings soos van tyd tot tyd in die *Provinsiale Koerant* bepaal.

2. (1) Kopie van kennisgewings wat na sluitingstyd ontvang word, sal oorgehou word vir plasing in die eersvolgende *Provinsiale Koerant*.

(2) Wysiging van of veranderings in die kopie van kennisgewings kan nie onderneem word nie tensy opdragte daarvoor ontvang word **voor 15:30 op Woensdae een week voordat die Koerant vrygestel word.**

VRYWARING VAN DIE STAATSDRUKKER TEEN AANSPREEKLIKHEID

3. Die Staatsdrukker aanvaar geen aanspreeklikheid vir–

(1) enige vertraging by die publikasie van 'n kennisgewing of vir die publikasie daarvan op 'n ander datum as dié deur die adverteerder bepaal;

(2) enige redigering, hersiening, weglating, tipografiese foute of foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan.

AANSPREEKLIKHEID VAN ADVERTEERDER

4. Die adverteerder word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat ontstaan uit enige aksie wat weens die publikasie van 'n kennisgewing teen die Staatsdrukker ingestel mag word.

COPY

5. Copy of notices must be TYPED on one side of the paper only and may not constitute part of any covering letter or document.

6. *All proper names and surnames must be clearly legible, surnames being underlined or typed in capital letters. In the event of a name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the notice will be republished only upon payment of the cost of a new insertion.*

PLEASE NOTE: ALL NOTICES MUST BE TYPED IN DOUBLE SPACING, HANDWRITTEN NOTICES WILL NOT BE ACCEPTED

7. *In the event of a notice being cancelled, a refund will be made only if no cost regarding the placing of the notice has been incurred by the Government Printing Works.*

PROOF OF PUBLICATION

8. Copies of the *Provincial Gazette* which may be required as proof of publication may be ordered from the Transvaal Provincial Administration at the ruling price. The Transvaal Provincial Administration will assume no liability for any failure to post such *Provincial Gazette(s)* or for any delay in dispatching it/them.

KOPIE

5. Die kopie van kennisgewings moet slegs op een kant van die papier GETIK wees en mag nie deel van enige begeleidende brief of dokument uitmaak nie.

6. *Alle eiename en familiename moet duidelik leesbaar wees en familiename moet onderstreep of in hoofletters getik word. Indien 'n naam verkeerd gedruk word as gevolg van onduidelike skrif, sal die kennisgewing alleen na betaling van die koste van 'n nuwe plasing weer gepubliseer word.*

LET WEL: ALLE KENNISGEWINGS MOET GETIK WEES IN DUBBELSPASIËRING, HANDGESKREWE KENNISGEWINGS SAL NIE AANVAAR WORD NIE.

7. *By kansellasie van 'n kennisgewing sal terugbetaling van gelde slegs geskied indien die Staatsdrukkery geen koste met betrekking tot die plasing van die kennisgewing aangegaan het nie.*

BEWYS VAN PUBLIKASIE

8. Eksemplare van die *Provinsiale Koerant* wat nodig mag wees ter bewys van publikasie van 'n kennisgewing kan teen die heersende verkoopprys van die Transvaalse Provinsiale Administrasie bestel word. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir die versuim om sodanige *Provinsiale Koerant(e)* te pos of vir vertraging in die versending daarvan nie.

Important Notice

1. Please post your advertisements early.
2. Please send a covering letter with all advertisements you submit.
3. Please do not send duplicates of letters or advertisements.

Belangrike Kennisgewing

1. Sorg asb. dat u advertensies vroegtydig gepos word.
2. Stuur asb. 'n dekkingsbrief saam met alle advertensies.
3. Moet asb. geen duplikaatbriewe of -advertensies stuur nie.

LIVE IN HARMONY WITH NATURE
WEATHER BUREAU
WEERBURO
THE WEATHER BUREAU: DEPARTMENT OF ENVIRONMENTAL AFFAIRS AND TOURISM


LEEF IN HARMONIE MET DIE NATUUR
WEERBURO
WEATHER BUREAU
DIE WEERBURO: DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME


Wetlands are wonderlands!
Department of Environment Affairs

Vleiland-wonderwêreld!
Departement van Omgewingsake

Where is the largest amount of meteorological information in the whole of South Africa available?



LIBRARY

WEATHER BUREAU
WEERBURO

BIBLIOTEEK



Waar is die meeste weerkundige inligting in die hele Suid-Afrika beskikbaar?

Department of Environmental Affairs and Tourism
Departement van Omgewingsake en Toerisme

Use it

Don't abuse  it

water is for everybody

Werk mooi daarmee

Ons leef  daarvan

water is kosbaar

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
	GENERAL NOTICES		
1	Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): Coligny Amendment Scheme 3	2	5080
2	do.: Declaration as approved township: Brits Extension 54	2	5080
3	do.: Brits Amendment Scheme 1/187	3	5080
	LOCAL AUTHORITY NOTICES		
9	Local Authorities Rating Ordinance (11/1977): Local Authority of Bloemhof	4	5080
10	Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): City Council of Potchefstroom: Notice of Draft Scheme 436	4	5080
11	do.: do.: Notice of Draft Scheme 438	5	5080
12	do.: do.: Notice of Draft Scheme 439	5	5080
13	do.: do.: Notice of Draft Scheme 440	6	5080
14	do.: do.: Notice of Draft Scheme 441	6	5080

INHOUD

No.		Bladsy No.	Koerant No.
	ALGEMENE KENNISGEWINGS		
1	Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe (15/1986): Coligny-wysigingskema 3	2	5080
2	do.: Verklaring tot goedgekeurde dorp: Brits-uitbreiding 54	2	5080
3	do.: Brits-wysigingskema 1/187	3	5080
	PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWINGS		
9	Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture (11/1977): Plaaslike Bestuur van Bloemhof	4	5080
10	Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe (15/1986): Stadsraad van Potchefstroom: Kennisgewing van Ontwerpskema 436	4	5080
11	do.: do.: Kennisgewing van Ontwerpskema 438	5	5080
12	do.: do.: Kennisgewing van Ontwerpskema 439	5	5080
13	do.: do.: Kennisgewing van Ontwerpskema 440	6	5080
14	do.: do.: Kennisgewing van Ontwerpskema 441	6	5080

Printed by the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001, for the Transvaal Provincial Administration, Pretoria
Gedruk deur die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001, vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pretoria